# 'n Kritiese vergelyking tussen die Christologiese modelle van H Ott ("Die Antwort des Glaubens") en L Berkhof ("Systematic Theology")

J P Naude

## Inleiding

## 1 DIE TEOLOGIESE KLIMAAT EN WERKMETODE VAN H OTT IN SY "DIE ANTWORT DES GLAUBENS"

### 1 1 Teologiese klimaat

Die inhoud van "Die Antwort des Glaubens" van H Ott kan met enkele voorbehoude as Bybels-reformatoriese teologie beskryf word. H Ott tipeer sy eie werk soos volg: "Wer immer sich mit theologischen Gedenken beschäftigt, nimmt teil am vorbestehenden, jahrhundertalte Dialog der Kirche in sich selben, mit der Walt und mit Gott. Er steht in der Tradition, die in der Bibel anhebt. Er steht in Strom und unter dem Anspruch der Botschaft Jesu Christi."[1]

Die voorbehoude waarna hierbo verwys word, hou rekening met gevalle waar H Ott 'n onderwerp spekulatief benader. Voorbeelde hiervan word onder andere gevind in Artikel 30 wat oor die "Anonieme Geloof" handel en in Artikel 46 wat oor die "Chiliasme" handel. Hier is Skrifgefundeerde denke, wat 'n hoeksteen van die Bybels-reformatoriese teologie is, totaal afwesig. Ook die feit dat H Ott die Bybelse tekste as antwoordmodelle beskou (Artikel 3) wat moontlike antwoorde van die mens op God se spreke in verskillende situasies bevat, is 'n afwyking van die reformatoriese Skrifbeskouing. Hierdie Skrifbeskouing is waarskynlik die rede waarom hy hom tot spekulasie veroorloof.

### 1 2 Werkmetode

H Ott wil in hierdie werk nie bloot die Bybels-reformatoriese teologie op 'n nabootsende en meganiese wyse herhaal nie.[2] Teologie moet die Christelike verkondiging en die getuienis van die waarheid ten dienste wees. Hierdie werk van hom wil gevolglik 'n antwoord wees op die vraag "welche Wahrheit het die Botschaft, die wir als Christen glauben und verkündigen?"[3]

In die beantwoording van hierdie vraag na die waarheid beperk hy hom tot geselekteerde onderwerpe wat hy op 'n moderne wyse vir moderne gelowiges èn ongelowiges uiteensit. Hy orden sy stof in sewe hoofstukke wat in vyftig artikels uiteengesit is en volg in breë trekke die bekende volgorde Godsleer – Christologie – Pneumatologie ("Der Weg des Glaubens") – Ekklesiologie – Eskatologie. Elkeen van die vyftig artikels is soos volg in drie paragrawe ingedeel:

*1 2 1 A – Vraagstelling*

In hierdie paragraaf word die "Sitz im Leben" van vrae na die waarheid van die geloof aangedui. Die doel hiervan is om die leser tot dieper deurdenking van die onderwerp onder bespreking aan te spoor.

*1 2 2 B – Hipoteses*

In hierdie paragraaf het medewerkers van H Ott 'n vrye en subjektiewe seleksie van ter saaklike stof uit die teologiese geskiedenis gemaak. Die seleksies is baie kort en wil daartoe dien om 'n oorsig oor vorige antwoorde op behandelde vrae te gee en om die kritiese denke verder te stimuleer. Die paragrawe sal nie 'n rol in hierdie studie speel nie, want dit verteenwoordig nie H Ott se teologiese denke nie.

*1 2 3 C – Beantwoording*

In hierdie paragraaf gee H Ott sy eie antwoord op die gestelde vrae. Hy poog telkens om teologiese vrae op 'n oorspronklike wyse met gebruikmaking van gewysigde of nuwe modelle te gee wat verhelderend vir die moderne mens behoort te wees.

## 2 DIE TEOLOGIESE KLIMAAT EN WERKMETODE VAN L BERKHOF IN SY "SYSTEMATIC THEOLOGY"

### 2 1 Teologiese Klimaat

L Berkhof gee nie self 'n tipering van sy "Systematic Theology" nie. Uit die inhoud van sy boek is dit egter baie duidelik dat hy met sy teologie vierkantig in die Bybels-reformatoriese teologie staan. Hy bedryf 'n Skrifgefundeerde teologie wat binne die raamwerk van die Belydenisskrifte van die reformatoriese kerke beweeg. Hy tree met hierdie werk as apologeet van die Bybels-reformatoriese teologie op

teenoor 'n groot aantal sienswyses wat hy ter sprake bring.

Hierdie werk van L Berkhof het reeds in 1939 verskyn en daar kan dus vandag vanuit die moderne hermeneutiek kritiese vrae oor die hantering van sommige Skrifgedeeltes gevra word.[4)] Dit sal egter 'n debat binne die breë raamwerk van die Bybels-reformatoriese denke wees wat juis deur L Berkhof bedryf word.

### 2 2 Werkmetode

Uit die inhoud van die werk is dit duidelik dat L Berkhof op 'n sistematiese wyse so volledig as moontlik die Bybels-reformatoriese teologie wil weergee. In breë trekke word die bekende skema Godsleer – Christologie – Pneumatologie – Ekklesiologie – Eskatologie gevolg. Dié stof word in ses afdelings en sewentig hoofstukke uiteengesit. Sy weergawe van die teologiese geskiedenis is uitgebreid en bring telkens 'n groot aantal wyd uiteenlopende sieninge na vore sodat naas die Bybels-reformatoriese standpunt wat deur L Berkhof gestel word, kennis geneem kan word hoe daar vroeër in die teologie oor 'n bepaalde onderwerp gedink is.

## 3 DIE WERKMETODE WAT IN HIERDIE STUDIESTUK GEVOLG WORD

### 3 1 Formele en inhoudelike vergelykings

In Afdeling A van hierdie studiestuk sal 'n *formele vergelyking* en in Afdeling B *inhoudelike vergelykings* tussen die twee Christologiese modelle getref word.

### 3 2 Die volgorde waarin die stof behandel word

H Ott se Christologie is saamgestel uit seleksies met die doel om slegs bepaalde hoofmomente onder die soeklig te stel, te bevraag en 'n moderne antwoord te verstrek. Hy selekteer stof wat 'n "existentiale plus" het. Dit is gebeure wat 'n besondere betekenis vir die menslike eksistensie het. Hierdie werkwyse bring mee dat sy Christologiese model 'n eiesoortige skema het en nie so omvangryk soos dié van L Berkhof is nie.

Gevolglik sal H Ott se model telkens eerste behandel word en daarna sal 'n kritiese vergelyking met L Berkhof se meer uitgebreide model getref word. Die feit dat H Ott nie altyd so stewig soos L Berkhof in die Bybels-reformatoriese tradisie staan nie, maak dit ook meer sinvol om eers sý siening te stel en dit daarna met die bekende benaderings van L Berkhof te vergelyk.

### 3 3 Literatuurverwysings

Omdat die genoemde werke in hierdie studie ter sprake kom, sal in die voetnotas van die toelaatbare afkorting (*op cit*) gebruik gemaak word.

# Afdeling A

'n Formele vergelyking tussen die Christologiese Modelle van H Ott en L Berkhof

## 1 WAT IS 'N CHRISTOLOGIESE MODEL?

'n Christologiese model is 'n skema wat deur 'n teoloog ontwerp is om die Bybelse leer oor Jesus Christus se Persoon en werk sistematies en verstaanbaar aan te bied.

## 2 DIE MODEL VAN H OTT

H Ott skryf sy Christologie onder die opskrif "Die Sendung des Sohnes".[5] Hiermee bring hy tot uitdrukking dat God sy Seun na die mens, wat in 'n onheil-situasie verkeer, gestuur het.[6] Die sending van die Seun impliseer dat God 'n gesprek met die mens voer. Die mens wat in hierdie gesprek betrokke is, vra na die wil van God.

Vanuit hierdie gesigspunt ontwikkel H Ott nou sy Christologiese model. Deur middel van 'n bespreking van die predestinasieleer, kom die vraag na die wil van God aan die orde. Die vraag na die "geskiedenis van die wil van God"[7] en hoe die wil van God voltrek word, word onder die hoof "Heilsgeskiedenis" bespreek.

Jesus Christus is die inhoud van die Woord en wil van God. Die vraag hoe hierdie Jesus Christus ontmoet word, word met verwysing na die historiese Jesus en kerugmatiese Christus bespreek.

Net twee aspekte van die geskiedenis van Jesus word belig, naamlik sy sterwe aan die kruis en sy opstanding uit die dood. Hierdie twee gebeure word vir bespreking geselekteer omdat dit vir H Ott twee beslissende momente is wat onafwysbaar vasstaan.

Eers op hierdie punt beweeg H Ott nader aan die Persoon van Jesus Christus wanneer Jesus as God-mens vervolgens onder die soeklig kom. Sy wese word met betrekking tot die Twee-natureleer en sy pre-eksistensie bespreek.

Hy sluit sy Christologiese model met 'n kritiese bespreking van die *Munus Triplex* as 'n model om die heilswerk van Jesus mee te skryf.

## 3 DIE MODEL VAN L BERKHOF

Die openingsparagraaf van L Berkhof se Christologiese model bring die Christologie onmiddellik in verband met die Bybelse antropologie. Hy stel dat die Bybelse antropologie die mens as 'n sondaar

beskrywe en dat daar 'n etiese afstand tussen God en mens bestaan. "It emphasizes the *ethical* distance between God and man, the distance resulting from the fall of man, which neither man or angels can bridge: and is as such virtually a cry for divine help."[8]

Christologie is die antwoord op hierdie hulpgeroep van die mens en dit maak aan die mens die objektiewe werk van God in Christus bekend sodat die skeiding oorbrug kan word.

Hiermee ontplooi L Berkhof sy Christologiese model deur dadelik by die Persoon van Jesus Christus te begin. Hy beskrywe die Name en Nature van Christus terwyl hy verskeie teorieë vanuit die verlede oor Jesus Christus na vore bring. Dat Christus twee Nature het, maar één Persoon is, kry met verwysing na verskeie Skrifgedeeltes, besondere aandag.

Vervolgens word die vernedering en verhoging van Jesus beskrywe. Die volle spektrum van geboorte tot weerkoms word stelselmatig behandel.

Die Christologiese model word voltooi deur 'n uitgebreide behandeling van die *Munus Triplex* waarin veral die versoeningsleer intensief bespreek word.

## 4 KRITIESE VERGELYKING

### 4 1 Die vertrekpunte van die twee modelle

Albei modelle begin met verwysing na die gevalle mens. H Ott beskryf die gevallenheid van die mens as 'n onheilsituasie waarin die mens verkeer. L Berkhof beskryf dit as 'n etiese afstand tussen God en mens wat nie deur die mens oorbrug kan word nie. In albei modelle word die Christologie se funksie gesien as 'n bekendmaking van die opheffing van hierdie gebroke toestand met die koms van Jesus Christus. Beide Christologiese modelle dra dus 'n soteriologiese stempel.

### 4 2 Die ontplooiing van die twee modelle

Nadat die twee modelle aanvanklik dieselfde vertrekpunt geïmplementeer het, loop hulle by die verdere ontplooiing formeel uitmekaar.

H Ott struktueer sy model verder vanuit die gesigspunt van die *mens* wat deur God aangespreek word. Hierdie mens vra na die wil van God[9] en dit is aan hierdie mens wat vra, aan wie die Christologiese model die antwoorde verskaf. Hierdie model laat die vraende mens Jesus Christus ontmoet, bring hom by die kruis en opstanding

as beslissende gebeure en lei hom na die geheimenis van die pre-eksistensie en verhoging van Christus.

Hierteenoor struktueer L Berkhof sy Christologie verder vanuit die gesigspunt van God wat in Jesus Christus na die gevalle mens toe beweeg. Daarom begin hy onmiddellik om die Persoon en werk van Jesus voluit te beskrywe.

Opsommend kan dus gestel word dat die ontplooiing van H Ott se Christologiese model die vrae van die mens, wat deur God in 'n gespreksituasie betrek is, beantwoord. Dit is dus 'n sentripetale model. Hierteenoor kan die ontplooiing van L Berkhof se model getipeer word as 'n beskrywing van die oorbrugging van die kloof tussen God en mens deur die beweging van God in Jesus Christus na die mens toe. Hierdie model is dus sentrifugaal van aard.

### 4 3 Die voltooiing van die modelle

Albei modelle sluit met die behandeling van die *Munus Triplex*. H Ott sluit by hierdie tradisionele skema aan, maar laai dit met nuwe sienswyses en moderne taalgebruik.[10)] Hierteenoor gee L Berkhof 'n uitgebreide uiteensetting van die tradisionele leer oor die *Munus Triplex* met besondere verwysing na die versoeningsleer.

# Afdeling B

## Inhoudelike vergelykings tussen die Christologiese modelle van H Ott en L Berkhof

## Hoofstuk 1

### Die Predestinasieleer en die heilswil van God

**1 H OTT**

H Ott behandel die predestinasieleer as antwoord op die vraag van die mens na die wil van God. In hierdie beskouing hou hy daarmee rekening dat die situasie waarin die predestinasieleer hierdie antwoord nou moet spreek, verskil van die situasie waarin hierdie leer ontstaan het.

Toe die leer deur Augustinus ontwikkel is, en deur Calvyn oorgeneem is, was die vraag na die persoonlike sieleheil prominent gestel. Op die vrae "wie word gered?" en "is ek gered?" het die predestinasieleer na die soewereine wil van God verwys wat red wie Hý wil. "Dadurch wird der Mensch, der nach seinem individuellen Heil fragt, von siech selben weg und auf den souveränen Gott, seinen Herrn, verwiessen."[11)]

Die predestinasieleer was ook 'n antwoord op die vraag waarom gelowiges gered word en goddeloses verlore gaan. H Ott sê dat die antwoord hierop gegee is in die Calvinistiese dubbele predestinasieleer: "Weil Gott von Ewigkeit her die einen zur ewigen Verdammnis, die andern aben zur ewigen Seligkeit auserwählt hat."[12)]

Teenoor bogenoemde vrae en in die situasie wat hulle weerspieël, het die predestinasieleer as antwoord die soewereine wil van God verkondig.

Nou het die situasie verander. Die vraag na die individuele sieleheil is op die agtergrond. Op die voorgrond staan nou die vraag of daar 'n beslissende heil vir die mensheid bestaan. Die predestinasieleer kon nie nou meer onveranderd gehandhaaf word nie. "Von hier aus weise der Christ, überhaupt der Mensch heute, kaum mehr etwas anzurfangen mit der Lehre von einem Gott, welcher die einen erwählt und die ander ewig verwirft. Dies erscheint ihm als eine schlechte Objektivierung des gottlichen Heilsplanes, welche auf unsere heutige existentielle Frange überhaupt keine Antwort mehr gibt."[13)]

Die kritiek van H Ott teen die predestinasieleer is dus dat dit die heilsplan van God verobjektiveer het. Hy stel dit sterk dat die Waarheid waarmee die teologie werk, nie verobjektiveerbaar is nie, maar "beim Menschen ankommt."[14] Hierdie Waarheid ontmoet die mens binne sy verstaansmoontlikhede in 'n bepaalde tydsgewrig.

In die huidige tydsgewrig waarin daar na die heil van die mensheid gevra word, moet die predestinasieleer in terme van *Timoteus 2:4* uitgelê word: "Ons Verlosser wat wil hê dat alle mense gered word en tot kennis van die waarheid kom." Die beslissende heilsaanbod geld vir elke mens.[15] Die begrip "predestinasie" kan dan deur die nuwe begrip "leer van die algemene heilswil van God" vervang word.

Dit dui nie vir H Ott op 'n alversoening nie. Dit hou vir hom ook in dat die uiteinde van die mens se lewe in God se hand gestel word. Die uiteinde van die mens kan nie deur die mens beheer word nie en kan ook nie deur die objektiverende denke van die mens ingepalm word nie.

Die verskynsel dat daar wel in die wêreld gelowiges en ongelowiges bestaan, verklaar hy met sy aanname van die leer oor die anonieme geloof. Die anonieme geloof is 'n onbewustelike, implisiete geloof wat nie in spraak omgesit kan word nie. Hierdie anonieme geloof ontstaan as Jesus op 'n verborge wyse 'n mens met 'n heimlike Woord ontmoet en hom tot hierdie onbewuste geloof lei. Dit beteken dat mense wat uiterlik na ongelowiges lyk, inderdaad ook gelowiges kan wees wat met die anonieme geloof toegerus is. Hierdie anonieme geloof lei ook tot redding.[16]

Al wat vir H Ott van die tradisionele predestinasieleer oorbly, is sy heenwysing na die vrye, soewereine verkiesende genade van God. "Hier liegt wohl der theologische Kern der ganzen Prädestinationslehre, und hier ist freilich ein unaufgebbarer Punkt."[17]

## 2 L BERKHOF

By L Berkhof word die predestinasieleer nie as deel van die Christologie behandel nie. Dit kom onder die Godsleer voor (as 'n verbesondering van die leer oor die goddelike dekrete)[18] omdat hy God die Vader as die outeur van die predestinasie sien. "The decree of predestination is undoubtedly in all its parts the concurrent act of the three persons in the Trinity, who are one in their counsel and will. But in the economy of salvation, as it is revealed in Scripture, the sovereign act of predestination is more particularly attributed to the Father".[19] In hierdie verband verwys hy na *Johannes 17:6 en 9, Romeine 8:29, Efesiërs 1:4 en 1 Petrus 1:2.*

Die objekte van die predestinasie is:
(i) Alle mense, insluitende goeies en slegtes, groepe en individue.
(ii) Die engele, insluitende die goeies en slegtes.
(iii) Christus as Middelaar.

Die predestinasie van die mens word deur die infralapsarisme beskrywe en die predestinasie van die engele deur die supralapsarisme.[20]

Jesus Christus word beskrywe as die "mediate cause of the realization of election, and the meritorious cause of the salvation unto which believers are elected, but He is not the moving or meritorious cause of election itself."[20] Jesus Christus is vir L Berkhof nie die grond van die verkiesing (in terme van die predestinasieleer) nie, want "there was already a fixed number that was given to Him."[21]

Predestinasie beteken vir L Berkhof dat sommige mense deur die soewereine wil van God voorafbestem is om gered te word en dat ander vooraf bestem is om verwerp te word. Verwerping is vir hom die noodwendige keersy van redding. In hierdie verband verwys hy na Matteus 11:25, 26, Romeine 9:13–22, Judas 4 en 1 Petrus 2:8.

## 3 KRITIESE VERGELYKING

Formeel en inhoudelik staan H Ott en L Berkhof hier reglynig teenoor mekaar. H Ott knoop die predestinasieleer aan die Christologie vas en L Berkhof sien dit as 'n verbesondering van die dekreteleer wat onder die Godsleer ressorteer.

Al wat vir H Ott van die predestinasieleer bly staan, is die verkondiging van die vrye, soewereine wil van God. Die predestinasieleer soos L Berkhoff dit uitlê, is vir H Ott 'n verouderde antwoord op die vraag na die individuele sieleheil wat vandag nie meer gevra word nie. In sy wysiging van die predestinasieleer na die leer oor die algemene heilswil van God poog hy om 'n antwoord te gee op die moderne vraag na die redding van die mensheid in sy geheel.

Hierteenoor hou L Berkhof sterk vas aan die dubbele predistinasieleer wat selfs deur Calvyn as 'n *decretum horibile* beskryf is.[22]

Daar is waardering én kritiek teenoor albei teoloë uit te spreek. Die verdienste by H Ott is dat hy met reg waarsku teen die verobjektivering van die Waarheid waarmee die teologie hom besig hou en dat hy poog om die situasie waarin 'n leerstuk ontstaan het, in die oog te hou. Hy het ook die kern van die predestinasieleer raakgevat deur dit uit te lê as verkondiging van die soewereine wil van God. Die insluiting van hierdie leer in sy Christologie is uitdrukking daarvan dat redding 'n onlosmaaklike band met Christus het. Hy begaan egter die fout om nie aan die hand van die Skrif die dubbele predestinasieleer volledig te hersien nie. Hy hersien dit hoofsaaklik

met betrekking tot die huidige lewenssituasie waarin nuwe vrae deur die mens gevra word. Dit skyn dus asof die eksistensie-filosofie hier sy invloed gehad het. Sy leer oor die "anonieme geloof" is ook nie Bybels gefundeer nie en is as suiwer spekulasie af te wys.

L Berkhof se verdienste lê in sy poging om die predestinasieleer Bybels te probeer fundeer en openhartig te bespreek. Hy bly egter in gebreke om alle Skrifgetuienis te oorweeg. Hy ignoreer byvoorbeeld *Johannes 3:1–21* en *1 Timoteus 2:1–7* se uitsprake terwyl 'n vraagteken ook geplaas kan word oor die korrektheid van sy eksegese van tekste wat aangehaal word om die dubbele predestinasieleer te fundeer. Die gevolg is dat hy met 'n skeefgetrekte beeld van die predestinasieleer na vore kom. In sy Christologiese model is die predestinasieleer egter, soos reeds aangetoon, afwesig.

### 4 NASKRIF

Omdat hierdie studiestuk nie bedoel is om 'n indringende studie van die predestinasieleer te maak nie, word die aangeleentheid hier gelaat met die enkele opmerking dat die dubbele predestinasieleer na ons oordeel nie klop met die Bybelse boodskap nie.

# Hoofstuk 2

## Heilsgeskiedenis

### 1 H OTT

Nadat H Ott die vraag na die wil van God beantwoord het, rig hy hom tot die vraag of hierdie wil van God 'n aanwysbare geskiedenis het. "Hat das Wort des Heils sein Fundament in einer Geschichte des Heils?"[23)] Dié vraag ontstaan wanneer die Bybelse kanon in sy geheel bestudeer word en die verskillende openbaringsgebeure met mekaar vergelyk word.

'n Besondere vraag in hierdie verband is hoe God Homself in die geskiedenis van die mens bekend gemaak het. Is Hy primêr 'n spreker van woorde, of verrig Hy dade wat in die geskiedenis inbreek? In hierdie verband verwys H Ott na twee ekstreme antwoorde wat vir hom onaanvaarbaar is:[24)]

(i) God word net deur woorde geken wat tot die enkeling gerig is.
(ii) God se dade is so oop en bloot dat die mens presies weet wat God beplan en gedoen het.

As die openbaring van God as "heilsgeskiedenis" beskryf word, moet gewaak word teen verobjektivering van die heilsdade. Die begrip "Heilsgeskiedenis" kan dui op 'n siening dat die openbaringsgebeure opeenvolgende gebeure in die tyd is wat volgens 'n plan van God verloop. Ons praat egter alleen oor God omdat Hy in 'n verhoudingsituasie met ons eerste praat. In hierdie gesprek met ons het God sy wil en aanspraak op die mens geopenbaar en nie 'n aanwysbare "plan" nie.[25)]

In plaas van "heilsgeskiedenis" verkies H Ott gevolglik om te praat van "Geschichte des göttlichen Begegnens".[26)] Hierdie ontmoetingswyses in die Ou Testament verskil byvoorbeeld van dié in die Nuwe Testament. Die bepalende konstante in hierdie wyses van ontmoeting is die selfopenbaring van God in Jesus Christus "in welcher Gott seine Identität kundgegeben hat, aus der er nicht wieder heraustreten wird".[27)]

H Ott vind die skeiding tussen woord en feit kunsmatig. Woord en feit is onafskeidbaar inmekaar gevleg. Die sending van Jesus Christus na die wêreld is Woord én feit in een. "Sie ist von vornherein beides, denn der Sohn erscheint ja in seinem Wort, in dem, was er redet und lehrt."[28)] Dieselfde geld vir 'n gebeurtenis soos die opwekking van Jesus: "Als reines Faktum wäre es nichts, sondern nur als *bedeutsames*, das heisst als ein Geschehnis, des bereits ein Wort, einen Anspruch, einschlieset."[29)]

## 2 L BERKHOF

Hy bring nêrens in sy werk die begrip "heilsgeskiedenis" ter sprake nie. Die gedeelte wat die naaste aan 'n bespreking kom van die kenbaarheid van die wil van God in die wêreld, dra die opskrif "The knowability of God"[30)] en is deel van sy Godsleer.

Vir hom is die selfopenbaring van God 'n absolute voorvereiste om God te ken. Die selfopenbaring van God is 'n doelbewuste supranaturale daad van God waarin Hy Homself bekend maak. Hierdie selfopenbaring van God vind vir L Berkhof in die Skrif én natuur plaas.[31)]

## 3 KRITIESE VERGELYKING

H Ott se bespreking van die wyse waarop die wil van God geken word as deel van sy Christologie, het twee belangrike voordele. Die een is dat die leser in aanraking gebring word met die teologiese debat oor die historisiteit en objektiwiteit van die openbaring van God. Dit is baie belangrik dat hy in hierdie bespreking die aandag vestig op die verskil tussen kennis wat met die verstand volgens die

objek – subjek skema ingewin word en die kennis wat verkry word in 'n ontmoeting met God waarin hierdie kennis deur God geopenbaar word. Dit is ook 'n goeie verdienste dat hy teen hierdie agtergrond die Bybelse feit beskrywe as 'n gebeure wat 'n aanspraak op die mens insluit.

Die tweede voordeel is dat H Ott met hierdie bespreking sy leser voorberei vir die volgende hoofstuk wat handel oor die historiese Jesus en die kerugmatiese Christus. Dit is van wesenlike belang om by die skryf van 'n Christologie rekening te hou met die bevindinge van die grammaties-historiese ondersoek van die Bybel.

Dit is jammer dat L Berkhof nie die "heilsgeskiedenis" met betrekking tot bovermelde debat ter sprake bring nie. Teen die agtergrond van sy eie tipering van sy Christologie as 'n oorbrugging van die kloof tussen God en mens, sou so 'n bespreking goed by sy model ingepas het.

Dat hy die openbaring van God in Skrif én natuur vind, verklaar waarom hy die wyse waarop God geken word, nie ook by sy Christologie ter sprake bring nie. Anders as by H Ott, is Jesus Christus nie in sy beskouing die bepalende konstante in die openbaring van God nie. Dat God in die natuur vir die sondaar kenbaar sou wees, is 'n bedenklike stelling wat nie die reformatoriese standpunt *sola Scriptura* handhaaf nie.

# Hoofstuk 3

## Die historiese Jesus en die kerugmatiese Christus

### 1 H OTT

Die probleem van die historiese Jesus en die kerugmatiese Christus het as produk van die histories-kritiese bestudering van die Bybel navore gekom.

Die begrip "historiese Jesus" verwys na 'n beskrywing van die lewe van Jesus as mens volgens die metodes van die historiese wetenskap. Hierteenoor verwys die begrip "kerugmatiese Christus" na 'n beskrywing van Jesus Christus soos tot stand gebring deur die geloofsbelydenisse en herinneringe van die eerste gemeentes van die Christelike kerk.

Vir R Bultmann is net die kerugmatiese Christus van belang. "Mit dem Christus nach dem Fleische haben wir, wie der Apostel Paulus nichts mehr zu schaffen (2 Kor 5:16)."[32] Al waarde wat die historiese Jesus vir R Bultmann het, is die feit dat Jesus geleef en gesterf het.

Daar is weinig gegewens oor die historiese Jesus gevind en dié wat wel gevind is, het weinig vir die Christelike geloof te sê.

Die logiese vrae is nou: waar en hoe spreek Jesus die mens nou aan? Is sy stem nog te hoor of het die belydenis van die gemeente sy stem totaal bedek?

H Ott beantwoord hierdie vrae met betrekking tot 'n stelling wat hy as vertrekpunt maak: "Jesus ist der Sprecher der Sprache Gottes in der Geschichte".[33]

Hierdie stelling impliseer die volgende:

(i) God spreek werklik in die geskiedenis en dit vind plaas in 'n gesprek tussen God en mens.

(ii) God se spreke dring nie op 'n onhistoriese wyse in die geskiedenis in nie, maar God het 'n spreker in die geskiedenis gehad wat deel was van die geskiedenis.

(iii) Hierdie spreker het op 'n bepaalde moment van die geskiedenis as 'n eenmalige historiese fenomeen opgetree.

(iv) Omdat sy spreke ook spreke van God is, het die méér as historiese draagwydte. Dit tref alle mense van alle tydvakke.

(v) God spreek deur sy spreker in menslike, historiese taal wat vir die mens verstaanbaar is.

"Der Glaube an Christus hat also zweifellos 'Anhalt' am historischen Jesus."[34] Met hierdie stelling sê H Ott dat die kerugmatiese Jesus nie bloot 'n skepping van die eerste gemeente is nie, maar dat daar tussen die belydenis van die gemeentes dat Jesus Verlosser is, en die herinneringe van die gemeentes aan Jesus van Nasaret, 'n

samegroeiing plaasgevind het. Die samegroeiing van belydenis en historiese herinneringe kan nie meer ontrafel word nie.

Hierdie samegroeiing noem H Ott 'n *Kon-kretum*.[35] Die vraag is of hierdie *kon-kretum* nie die stem van Jesus onhoorbaar gemaak het nie. Hierop gee H Ott die belangrike antwoord dat Jesus werklik die spreker van God in die geskiedenis is en dat hierdie spreke van God – wat op die hele mensheid gerig is – deur die werk van die Gees van God wyer uitkring. "Deswegen gehören die Erinnerungen an Jesus und die späteren Interpretation aus dem Glauben an der erhöhten Christus notwending und unauflöslich zusammen, sofern diese letzteren 'im gleichen Geiste' geschehen sind, sofern die gleiche Stimme in ihnen verlautet."[36]

## 2 L BERKHOF

Onder die opskrif "The Doctrine of Christ, after the Reformation"[37] gee L Berkhof sy bespreking van die historiese Jesus en die kerugmatiese Christus. Laasgenoemde begrip het hy vervang met "teologiese Christus". Onder die begrip "historiese Jesus" verstaan hy die Jesus soos geteken deur die evangelieskrywers. Onder "teologiese Christus" verstaan hy die Christus wat produk is van die vrugbare verbeelding van teologiese denkers soos dit nou in die belydenisskrifte van die kerk weerspieël word. Die gevolg hiervan formuleer hy soos volg: "The supernatural Christ made way for a human Jesus; and the doctrine of the two natures, for the doctrine of a divine man."[38]

## 3 KRITIESE VERGELYKING

Die histories-kritiese studie van die Bybel het daartoe gelei dat daar in verskillende rigtings reduksies plaasgevind het. H Ott behandel die reduksie van die historiese mens Jesus ten gunste van die kerugmatiese Christus wat vir baie teoloë niks meer as 'n idee geword het nie.

H Ott gee 'n Skrifgefundeerde antwoord op die belangrike vraag na die verneembaarheid van die stem van Jesus. Hierdie vraag word gevra wanneer die histories-kritiese studie van die Bybel die kerugmatiese Christus teken. Dit is die Gees van God wat die geloofsbelydenisse en herinneringe saam laat groei het om vanuit hierdie *Konkretum* (kerugmatiese Christus) die sprake van God na alle mense van alle tye te laat uitkring.

Die "historiese Jesus" en die "teologiese Christus" waarna L Berkhof verwys, is ook die produkte van die histories-kritiese studie van die Bybel maar verteenwoordig die reduksie van die kerugmatiese Christus ten gunste van die historiese mens Jesus.

Dit hang saam met die 19de eeuse teologiese siening wat Jesus net as mens beskou. Schleiermacher het hierdie denkrigting ingelui. Christus was vir hom 'n mens wat verhoog is, tot op die vlak van volmaaktheid. "The uniqueness of His person consists in the fact that He possesses a perfect and unbroken sense of union with the divine, and also realizes to the full the destiny of man in His character of sinless perfection."[39] Hierdie leer eindig uiteindelik in 'n panteïstiese identifikasie van die menslike met die goddelike natuur. As oplossing vir hierdie probleem pleit L Berkhoff vir 'n terugkeer na die twee-natureleer.

H Ott en L Berkhof beskryf hier dus twee verskillende reduksies binne die christologie en vul mekaar dus aan.

Daar is egter by die terminologie wat gebruik is 'n noemenswaardige verskil. By H Ott verwys "historiese Jesus" na 'n beskrywing van Jesus deur middel van 'n histories-kritiese ondersoek van die vier evangeliebeskrywings. Vir L Berkhof beteken dieselfde begrip bloot die beskrywing van Jesus deur die vier evangelieskrywers.

By H Ott verwys die begrip "kerugmatiese Christus" na die Jesus soos onthou en geïnterpreteer deur die eerste gemeentes. Hierdie interpretasies is óók in die vier evangeliebeskrywings teenwoordig. L Berkhof se "teologiese Christus" is die produk van die denke van verbeeldingryke teoloë en lê buite die vier evangeliebeskrywings.

# Hoofstuk 4

## Die betekenis van die dood van Jesus

### 1 H OTT

Dat Jesus gekruisig is, staan vir H Ott vas[40] en hy staan op die standpunt dat Jesus se kruisiging 'n sentrale tema van die Christus verkondiging is.[41]

Die kruisiging van Jesus is nie net 'n blote historiese feit wat onthou word nie. Jesus is altyd as die gekruisigde teenwoordig. Dit beteken dat die kruisiging méér as net 'n historiese gebeurtenis is. Dit besit naas die historiese nog 'n ander werklikheidsdimensie. Hierdie tweede dimensie noem H Ott die "heilsgeschichtliche Medium".[42] Dit is die dimensie van die geskiedenis wat tussen die één God, die Skepper, Vader en Here van alle mense, en hierdie mense van alle tye afspeel. "Es ist ein Geflecht personaler Beziehung zwischen Gott und jedem einzelnen Menschen, zwischen Gott und der Menschheit im ganzen, zwischen Gott und der Kirche – als einem Teil der Menschheit – und zwischen den durch Gott verbundenen Menschen in Welt und Kirche untereinander."[43]

Die betekenis van die kruisiging kan nie met die uitdrukking "jou met Jesus laat kruisig" net as 'n wesenskenmerk van ons geloof beskrywe word nie. Jesus as die spreker van God tree na ons toe, roep ons, en stel ons eksistensie in 'n nuwe dimensie. As daar teologies oor Jesus se kruisiging gepraat word, dan moet by die gebeure, vanuit Jesus self en nie vanuit ons geloof as "Reaktion", gespreek word nie.

Die juridiese verklaring van die kruis ("Anselmisme") bevredig nie. Dit skep 'n raamwerk waarin die lyding van Christus opgeneem is en verklaar word aan die hand van die veronderstelling dat God die hoogste Wetgewer en Regter is. Vandag is hierdie werkwyse, teen die agtergrond van die "God-is-dood-teologie", nie meer paslik nie. Daar kan nie eenvoudig van die veronderstelling uitgegaan word dat God bestaan nie. Daar moet nou omgekeerd gewerk word. Vanuit die Christusverkondiging en veral vanuit die verkondiging van die kruisiging, moet aangedui word wat die begrip "God" beteken. "Wenn wir, Gott' sagen, so sagen wir auch schon das Kreuz Jesu Christi mit; das heisst: Got wird als der gezeigt und ausgesagt, welcher in dieser ganz besonderen Weiss gehandelt hat und begegnet."[44]

Die Nuwe-Testamentiese getuienis bring die dood van Christus en die sonde in verbinding (1Kor 15:3). Die presiese verband tussen kruisiging en sonde moet bepaal word. Vir H Ott is die modelle van

"losprys" wat deur Paulus gebruik word, mitologiese voorstellinge. Onder "mitologiese voorstellinge" verstaan H Ott "ein Erzählen von 'Göttergeschichten'."[45]

Sonde dui vir H Ott op die bedreiging van die sinvolle menslike lewe deur die afgrond van die sinloosheid. Hierdie bedreiging geskied nie deur die noodlot nie, maar deur die skuld waarvan die mens self verantwoordelik is. Vanuit hierdie afgrond-situasie kyk die mens in vertroue na die gekruisigde Christus om uit hierdie bedreiging van menswees gedra te word. Die kruisiging van Jesus beteken dus dat God die mens nie in hierdie eensame toestand van sinloosheid laat nie, maar dat Hy hierin solidêr met die mens as "Mit-Betroffener" geraak het.

## 2 L BERKHOF

L Berkhof beskryf die kruisiging van Jesus as deel van sy vernedering in streng juridiese terme. "God imposed the punishment of death upon the Mediator judicially, since the latter undertook voluntarily to pay the penalty for the sin of the human race."[46]

Dit was essensieel dat Jesus as gevolg van 'n juridiese vonnis sy dood tegemoet sou gaan. Dit was deur God se voorsienigheid só bepaal dat Jesus verhoor en gevonnis sou word deur 'n Romeinse regter. Die Romeine was verteenwoordigers van die beste regspleging in die wêreld. Dit kon verwag word dat 'n Romeinse regter die onskuld van Jesus sou bewys. Dit het inderdaad gebeur, maar Hy is ten spyte daarvan onskuldig veroordeel. Daarmee het Pontius Pilatus homself en die regspraak soos hy dit beoefen het, veroordeel. Terselfdertyd het hy as instrument gedien om God se juridiese vonnis oor Jesus te voltrek. "The sentence of Pilate was also the sentence of God, though on entirely different grounds."[47]

Vir L Berkhof eindig Jesus se vernedering nie hier nie. Dit eindig in die graf. In hierdie verband verwys hy na vier aspekte:[48]

(i) Die mens se terugkeer na die stof van die aarde is blykens die Skrif deel van die sterf oor die sonde. (Gen 3:19)

(ii) Die Skrif dui die verblyf in die graf as vernedering aan. (Ps 16:10, Hand 2:27, 31). "Begrawe word" is 'n neerdaal na die *hades.*

(iii) Begrawe word, is neerdaling en is daarom vernedering. God het beveel dat dooies begrawe word as simbool van die vernedering van die sondaar.

(iv) In die uitspraak van die Bybel dat die gelowige met Christus begrawe word en daarmee afstand doen van "die ou mens", sien L Berkhof ook 'n heenwysing na die begrafnis as vernedering.

L Berkhof sluit sy bespreking oor die dood van Jesus af met 'n

behandeling van die artikel in die Apstolicum wat verwys na die "neerdaal na die hel".

Veral *I Petrus 3:18 en 19* word behandel. Hy wys daarop dat hierdie Skrifgedeelte so geïnterpreteer is dat dit verwys na Jesus wat tussen sy dood en opstanding in die *hades* gaan preek het. L Berkhof handhaaf egter die bekende reformatoriese uitleg wat met die konteks van dié Skrifgedeelte rekening hou. "The common Protestant interpretation of this passage is that in the Spirit Christ preached through Noah to the disobedient that lived before the flood, who were spirits in prison when Peter wrote, and can therefore be designated as such."[49)]

## 3 KRITIESE VERGELYKING

Getrou aan sy model beskryf H Ott die betekenis van die kruisiging van Jesus vanuit die beskouings en vrae van die mens wat deur God in 'n gesprek verwikkel is. Hy slaag daarin om die Bybelse betekenis van die kruisiging en die verband tussen kruisiging en sonde in die verstaanskategorieë van die moderne mens verstaanbaar en treffend uit te druk.

H Ott se siening dat begrippe in die Nuwe Testament wat na die kruisiging verwys, as "mitologies" beskryf kan word, is waar. Dit beteken egter nog nie dat hulle uiteindelik geïgnoreer mag word nie. Die terme "losprys" en "soenoffer" wat in hierdie verband genoem word, kan en moet vandag ook as inhoud van die Skrif verstaanbaar aan die moderne mens uitgelê word. Dit is en bly selfs as mitologiese stof, deel van die inhoud van die enigste bron wat die kruisgebeure aan die moderne mens verkondig.

L Berkhof handhaaf in sy model alleenlik die jurisdiese beeld en gebruik as inhoud daarvan die historiese gebeure by die verhoor en kruisiging van Jesus. Die juridiese beeld is 'n legitieme en bruikbare beeld want die Skrif gebruik dit self (2 Kor 5:10). Die kultiese beeld (soenoffer) en ekonomiese beeld (losprys) kom nie hier ter sprake nie. Insluitend die interpretasie dat al hierdie gebeure deur God se voorsienigheid beplan is om die goddelike vonnis oor Jesus te voltrek, is sy beskrywing van die kruisgebeure 'n repetisie van die Skrifgegewens.

Die verskil in die benaderingswyse van die twee modelle is hier ook geleë in die feit dat H Ott voortdurend rekening hou met die resultate van die histories-kritiese ondersoek van die Skrif èn die denkwyse van die moderne mens. Hy beweeg van die mens na God toe. L Berkhof beweeg van God na die mens met sy beskrywing van die kruisgebeure.

Dat die dood van Christus solidariteit met die mens in sy ontaarde

toestand beteken, sluit vir H Ott tegelyk ook die graf in. L Berkhof se insluiting van die begrafnis van Jesus en die gepaardgaande interpretasie is egter menslik, want dit beskryf die laaste gebeure op die weg wat Jesus enduit in sy aardse bestaan ter wille van die mens geloop het, naamlik na die graf waar die menslike liggaam vernietig word. Met sy behandeling van die sogenaamde "hellevaart van Christus", stel L Berkhof 'n eksegetiese fout reg wat 'n foutiewe interpretasie van die kruisgebeure tot gevolg gehad het.

Hoewel die benaderingswyse van die twee dogmatici hier ook totaal verskil, stem hulle inhoudelik daarin ooreen dat die kruisgebeure *extra nos* en *pro nobis* as 'n verlossingsdaad van God geskied.

# Hoofstuk 5

## Die werklikheid en betekenis van die opstanding van Jesus Christus

### 1 H OTT

Wanneer die opstanding van Jesus behandel word, skenk H Ott aan drie belangrike sake aandag, naamlik aan die werklikheid van die opstanding, die betekenis van die opstanding vir die mens en laastens die vraag of die opstanding liggaamlik plaasgevind het.

Die vraag na die werklikheid van die opstanding is 'n vraag na die wyse waarop die gelowige sy belydenis in hierdie verband teenoor die empiriese onmoontlikheid van opstanding uit die dood, kan verantwoord.

Hierdie vraag kan op drie wyses beantwoord word:

(i) Die opstanding was 'n historiese gebeurtenis.
(ii) Die berigte oor die opstanding van Jesus is 'n blote mite.
(iii) Die opstandingsberigte berus op óf visioene wat subjektief ervaar is óf op visioene wat objektief waargeneem is.

Die historici kan met gebruikmaking van hulle normale kritiese metodes nie verder vorder as die uitspraak dat die dissipels 'n opstandingsgeloof gehad het nie. H Ott kom met 'n verrassende antwoord.

Die werklikheid van die opstanding kan nie onafhanklik van sy betekenis verklaar word nie. *"Nur wenn ich die Bedeutsamkeit von Ostern verstehe,* kann ich mich auch zu ihrer Wirklichkeit bekennen".[50] 'n Skeiding tussen "werklikheid" en "betekenis" lei vir H Ott tot 'n *sacrificium intellectus.*

Met betrekking tot die betekenis van die opstanding, vermeld hy vier moontlikhede:

(i) Opstanding is bekragtiging van die kruisdood as heilsgebeure.
(ii) Kruis en opstanding is nie twee gebeure wat elk sy eie betekenis het nie, maar opstanding is net uitdrukking van die betekenis van die kruis (R Bultmann).
(iii) Die opstanding van Jesus is prolepties te verstaan. In Jesus se opstanding word aangedui wat met alle mense gaan gebeur by die einde van die geskiedenis.
(iv) Die opstanding het sy eie betekenis. (*Rom 4:25:* "wat oorgelewer is ter wille van ons misdade en opgewek is ter wille van ons regverdigmaking").

Alhoewel H Ott die band tussen kruisdood en opstanding erken, beklemtoon hy dat die opstanding 'n eie besondere betekenis het. Kruisdood beteken solidariteit van God met die mens in die "Nich-

tigkeit". Opstanding beteken "Sprengung des Todes als einer letzten Grenze". [51)]

Christus is as "Eersteling uit die dood" *pro nobis* opgewek. Hy het "jenseits" die dood vir Hom en ons 'n nuwe moontlikheid, die eintlike moontlikheid, oopgemaak. Die onmoontlike is moontlik gemaak. Dit geld nie net vir die grens van die dood wat deurbreek is nie, maar dit geld reeds vir die gelowige in sy aardse lewe "als ein geistliche Auferstehen zu einem neuen Leben innerhalb dieses alten, todverfallenen Lebens".[52)]

Wanneer H Ott hierdie betekenis van die opstanding van Christus aanvaar, aanvaar hy sonder verdere bespreking tegelykertyd die werklikheid daarvan.

Met betrekking tot die opstandingsliggaam van Jesus stel hy twee standpunte:

(i) Jesus is ná sy dood deur 'n bepaalde aantal mense gesien. Hierdie feit behoort ook vir die historikus aanvaarbaar te wees.

(ii) Die moontlike visioenskarakter van die opstanding is met hierdie stelling nog nie uitgesluit nie want dit gaan om *werklike ontmoetinge* met die opgestane Christus.

Laasgenoemde opmerking, dat die opgestane Christus werklik ontmoet is, is die bepalende. Of Jesus liggaamlik opgestaan het, hou vir hom geen "existentiale plus"[53)] in nie. Dat Jesus liggaamlik opgestaan het, kan nie histories bewys word nie. In hierdie verband bly vier belangrike waarhede vir H Ott staan:

(i) Die opstanding van Jesus verskil van die opwekkings van Lasarus (Joh 11) en die weduwee van Naïn se seun (Luk 7). Jesus se opstanding beteken nie 'n terugkeer na die aardse lewe nie.

(ii) Die opgestane Christus het nie 'n gewone liggaam gehad nie. Dit was eerder 'n "geestelike liggaam". Hy kon deur 'n deur beweeg en plotseling verskyn. Die gedagte aan 'n liggaamlike opstanding kan hiermee laat vaar word want die Bybelse getuienis is in hierdie verband ook nie eenstemmig nie.

(iii) Die opgestane Christus is identies met die gekruisigde Christus. Alleen vanuit hierdie stanpunt kan die opstanding as deurbreking van die grense van die dood verstaan word.

(iv) Jesus se opstanding beteken dat Hy gelyktydig word met alle mense en "als Gleichzeitiger, massgeblich für alle, die von ihm reden".[54)]

## 2 L BERKHOF

Die opstanding van Jesus word as die eerste van vier fasses van sy verhoging beskrywe. Die vier fases is opstanding, hemelvaart, plaasneming aan die regterhand van God en weerkoms.

Die subjek van die verhoging is die persoon van die Middelaar (dus die Godmens), maar dit word beklemtoon dat die verhoging alleenlik in die menslike natuur van Jesus Christus plaasvind.[55)]

Die verhoging van Christus is die juridiese resultaat van die vernedering wat Jesus belewe het. In sy hoedanigheid as Middelaar het Christus die wet vervul, die straf van die sonde betaal en die ewige lewe verdien. "Therefore His justification had to follow and He had to be put in possession of the reward."[56)]

Christus se verhoging het 'n drievoudige betekenis:

(i) Elkeen van die vier fases is 'n verklaring van God dat Christus aan die eise van die wet voldoen het en dat Hy op sy beloning geregtig is.

(ii) Die opstanding en hemelvaart het eksemplariese betekenis want dit dui op wat met gelowiges gaan gebeur.

(iii) Al vier fases is instrumenteel vir die volmaakte verheerliking van gelowiges.

L Berkhof bespreek die opstanding in vyf paragrawe wat handel oor die aard van die opstanding, die bewerker van die opstanding, pogings om die opstanding as onwaar te verklaar en die dogmatiese betekenis van die opstanding.

## 2 1 Die aard van die opstanding

Die opstanding van Jesus bestaan nie net daarin dat Hy weer lewend geword het en dat siel en liggaam weer verenig is nie. Siel en gees is hier in hulle oorspronklike krag en volmaaktheid herstel en selfs verhoog na 'n hoër vlak terwyl liggaam en siel herenig is in 'n lewende organisme.[57)]

Vanuit *1 Korintiërs 15:42–44*, wat die menslike opstandingsliggaam as onverderflik beskrywe, maak L Berkhof by wyse van retrospeksie, afleidings oor die opstandingsliggaam van Christus. Hy verwys na die eienskappe van onverganklikheid, heerlikheid, krag en geestelikheid. Onder "geestelik" verstaan L Berkhof nie 'n eteriese liggaam nie, maar 'n liggaam wat 'n volmaakte instrument van die Gees is.

Jesus se liggaam het wel veranderinge ondergaan by die opstanding. Hy was nie maklik herkenbaar nie en kon vinnig verskyn en verdwyn. Tog was dit 'n materiële en werklike liggaam. Sy opstanding het 'n drievoudige betekenis:

### *2 1 1*

Dis 'n deklarasie van die Vader dat die laaste vyand oorwin is, die straf betaal is en aan die voorwaardes vir lewe voldoen is.

*2 1 2*

Dit is simbool van wat met gelowiges gaan gebeur.

*2 1 3*

Dit het instumentele waarde vir die regverdiging en opstanding van die gelowige.

**2 2 Die bewerker van die opstanding van Jesus**

Die opstanding van Jesus is blykens Skrifgetuienis die werk van die drie-enige God. (Joh 11:25, Rom 6:4, Rom 8:11).

**2 3 Besware teen die leer oor die opstanding**

Die beswaar wat hier ter sprake gebring word, is die verwysing na die disintegrasie van die liggaam nadat die dood ingetree het. Die atome waaruit die menslike liggaam opgebou is, word deel van die grond en die plante by die graf. L Berkhof beantwoord die vraag met verwysing na *1 Korintiërs 15:35–38* waar Paulus die dood en opstanding van die menslike liggaam met die saai van 'n koringkorrel vergelyk. "God gives to each seed a body of its own. So it is also in the resurrection of the dead. It may be that there is some nucleus, some germ, that constitutes the essence of the body and preserves its identity."[58)]

**2 4 Pogings om die opstanding van Jesus as onwaar te verklaar**

Hier verwys L Berkhof na die *diefstalteorie*. Hy verwerp dit teen die agtergrond van die feit dat Jesus aan baie mense verskyn het en dat die dissipels in 'n vyandige wêreld nie aan 'n leuen sou bly vasklou nie.

Die voorstanders van die *beswymingsteorie* word weerlê met verwysing na die spiessteek wat Jesus in sy sy gekry het. Daarmee was dit seker gemaak dat Hy sterf. In 'n verswakte toestand sou Hy ook nie die klip voor die opening van die graf alleen kon wegrol nie.

L Berkhof verwys ook na die teorie dat die opstanding van Jesus net *subjektiewe projeksies* van die dissipels was. Hy weerlê dit met die argument dat subjektiewe visioene nie identies by 'n aantal persone gelyktydig kan plaasvind nie.

Ten opsigte van die *objektiewe visioenteorie* sê hy dat die voorstanders hiervan die supranaturale erken en dat hulle op grond dáárvan rede het om die feite van die opstanding te aanvaar. Met

betrekking tot die hedendaagse tendens om die opstanding van Jesus as 'n mite te beskou, neem hy die standpunt in dat in hierdie geval nie erns gemaak word met die Bybelse gegewens nie.

### 2 5 Die dogmatiese betekenis van die opstanding

*2 5 1*

Die opstanding van Jesus is bewys daarvoor dat Hy deur God gesteun was en dat Hy Seun van God is.

*2 5 2*

Dit is bewys van onsterflikheid.

*2 5 3*

Dit is 'n konstituwe element van die verlossingswerk.

*2 5 4*

Dit is 'n deklarasie van die Vader dat Christus se werk voltooi is en dat Hy aanvaar is.

*2 5 5*

Opstanding is Jesus se binnetree in 'n nuwe lewe as hoof van die kerk en as universele Here.

### KRITIESE VERGELYKING

H Ott slaag daarin om die *betekenis* en trefkrag van die opstanding van Jesus vir die mens duidelik onder woorde te bring. Hy spreek hier baie sterker tot die mens as L Berkhof wat die aanwysing van die betekenis van die opstanding verweef met baie gegewens en verwysings.

L Berkhof se voordeel lê egter daarin dat hy die leser by die *Bybelse feite* van die opstanding bring en dat hy deur sy verwysings die Bybel laat spreek.

H Ott begaan egter twee foute. Die een is dat hy die werklikheid van die opstanding van Jesus net wil fundeer in die betekenis van die opstanding. As hy die getuienis oor die betekenis van die

opstanding aanvaar, kan hy terselfdertyd ook die getuienis oor die werklikheid van die opstanding aanvaar. Hy het by die behandeling van die kruisiging van Jesus ook reeds die begrip "heilsgeschichtliche Medium"[59] geïmplementeer om naas die historiese dimensie van die kruisiging 'n tweede werklikheidsdimensie aan te dui. Hierdie dimensie is die dimensie van die geskiedenis wat tussen God en mens afspeel. Dit sal 'n handige verstaanskategorie wees by die behandeling van die werklikheid van die opstanding, aangesien dit hier ook, soos reeds deur H Ott self aangedui, gaan om die geskiedenis tussen God en mens.[60]

Die tweede fout wat H Ott maak, is om die betekenis van die liggaamlike opstanding van Jesus gering te skat. Alhoewel die Skrif nie die wese van die opstandingsliggaam in 'n formule uitdruk nie, is die liggaamlike opstanding as gebeure wesenlik om die kontinuïteit tussen die gekruisigde en opgestane Jesus vas te stel. Hierby moet ook die feit in berekening gebring word dat die mens óók liggaam is en dat die menslike liggaam by die verlossingsdaad ingesluit is. Hierdie waarheid word nie uitgeskakel deur die feit dat die kenmerke van die opstandingsliggaam nie in detail deur die Skrif gedefinieer word nie.

# Hoofstuk 6

## Die menswording van God en die twee natureleer

### 1 H OTT

#### 1.1 Die Godheid van Jesus

Die vraag na die Godheid van Jesus kom hier aan die orde. Ons spreek Jesus aan soos ons God aanspreek en dit moet hier verantwoord word.

Die *docetisme* het Jesus net as God en nie as werklike mens nie, beskou. Hierteenoor staan die *ebionitisme* wat Jesus as 'n historiese mens, maar nie as God beskou nie.

H Ott wil nou die antwoord verskaf waarom Jesus as God en Here aangespreek word. Om mee te begin wys hy nog twee bestaande antwoorde af. Die een is dat God Hom as die mens Jesus vermom het. So 'n beskouing is mitologies (so ver as wat mitologies as "Göttergeschichte" verstaan word). Die tweede antwoord wat afgewys word, is dat die begrip "Jesus is God" slegs uitdrukking is van die besondere religieuse kwaliteit van die mens Jesus. Hierdie beskouing vermy 'n mitologiese spreekwyse, maar dit ignoreer die belangrikste uitsprake dat God in Jesus teenwoordig is en in Hom woon (Kol 2:9).

Die sleutel van H Ott se verklaring van die uitdrukkinge "Jesus is God" en "Jesus is Here" lê in die formule "Jesus, der Sprecher der Sprache Gottes".[61] Hierdie formule is resultaat van die luister na die uitsprake van Jesus en die "aanskouing" van die gestalte van die gekruisigde.

Deur Jesus spreek God ons aan en in Hom het ons die Vader "gesien" (*Joh 14:9* "Wie My gesien het, het die Vader gesien"). Na die verdwyning van Jesus uit die geskiedenis, het God nie gesigloos en stom geword nie. Jesus is die steeds teenwoordige spreker van God se spreke in die geskiedenis en Hy is tegelyk die steeds teenwoordige hoorder van die antwoord van die mens op sy spreke. As Jesus net mens was, was Hy nie nou die steeds teenwoordige spreker nie en sou daar geen verantwoording aan Hom verskuldig gewees het nie. As die steeds teenwoordige spreker en hoorder is Jesus as God en Here te verstaan.

#### 1 2 Die twee natureleer

Die ortodokse siening word verwoord in die formulering van die

Konsilie van Chalcedon (451 nC). Die formulering gebruik die filosofiese term "natuur". Jesus Christus besit as ware God "goddellike natuur" en as ware mens tegelyk "menslike natuur". "Diese eine Person vereine in sich zwei Naturen."[62)]

Die woord "natuur" dui op die gelyke en gemeenskaplike *Gattung* wat verskeie individue het. So het byvoorbeeld alle mense die menslike natuur gemeenskaplik. Hierdie woordgebruik is vir H Ott onaanvaarbaar. "Dies macht uns darum Schwierigkeiten, weil der Mensch in seinen 'Jemeinigkeit' nicht allgemeinen Gattung gedacht werden kann."[63)]

Die formule "ware God en ware mens" moet vandag sonder die begrip "natuur" nuut geïnterpreteer word. Die natuurterminologie moet deur 'n persoonsterminologie vervang word.

Die deurvoering van hierdie standpunt begin H Ott met die vraag na wat in die verhouding tussen God en mens verander het met die menswording van Christus. "Antwort: Gott has das was des Menschen ist, das 'Menschliche' jedes einzelnen Menschen, durch eine Tat der Solidarität zu dem Seinigen gemacht."[64)]

Hier is nie meer sprake van menslike natuur nie, maar van menslikheid wat gemanifesteer word in menslike nood, menslike vreugde, menslike vrae, ensovoorts. God het die nood, vreugde, vrae van elke mens sy eie gemaak en is daarom in elke individuele mens op 'n verborge en persoonlike wyse teenwoordig.

Hierdie teenwoordigheid van God word met twee stellings nader gedefinieer. God is teenwoordig as 'n wagtende persoon. Hy wag op die mens, Hy verwag iets van die mens en Hy is reeds as die wagtende teenwoordig voordat die mens aan sy verwagting voldoen. Die tweede stelling is dat God se teenwoordigheid solidariteit met die mens beteken en dat Hy as God wat alles met die mens deel, erken word.

God het met die gebeure van die menswording in die lewe van die mens ingesink. "Dieses Ineinander-sein von göttlicher und menschlicher Wirklichkeit ist der Sinn einer personal gedeuteten zweinaturenlehre."[65)]

## L BERKHOF

### 2 1 Die Godheid van Jesus

L Berkhof bring die godheid van Jesus in twee gedeeltes van sy Christologie ter sprake, naamlik onder die hoofde[66)] "The Name of Christ" en "The Natures of Christ".

Wanneer hy die benaming *Kurios* behandel, wys hy op die drie

gebruike van hierdie woord in die Septuagint: Dit is die ekwivalent van *Jahwe*, dit is 'n vertaling van *Adonai* en van *Adon*. In die Nuwe Testament word die *Kurios* ook in drievoudige sin ten opsigte van Jesus gebruik, naamlik as 'n beleefde aanspreekvorm (Mat 8:2); as uitdrukking van outoriteit (Mat 21:3) en as ekwivalent vir die woord "God" (Mat 12:36, 37; Luk 2:11; 3:4; Joh 20:28 en 1 Kor 12:3).

Die toepassing van die benaming *Kurios* op Jesus dui vir Berkhof op die godheid van Jesus.

By die bespreking van die nature van Christus, wys L Berkhof op Skrifgegewens waarin die Godheid van Jesus aangedui word. Wat die Ou Testament betref verwys hy onder andere na Psalm 2:6–12 (aangehaal in Hebreërs 1:5), Psalm 45:6, 7 (aangehaal in Hebreërs 1:8, 9), Psalm 110:1 (aangehaal in Hebreërs 1:13), Jesaja 9:6, Jeremia 23:6, Daniël 7:13.

In die Nuwe Testament vind hy veral in Johannes se evangeliebeskrywing, in die briewe van Paulus en in die Brief aan die Hebreërs aanwysings van die godheid van Jesus. Hy verwys onder andere na Johannes 1:1–3, 14, 18; 2:24, 25; 3:16–18, 35, 36; 11:41–44; 20:28; Romeine 1:7; 9:5, 1 Korintiërs 1:1–3; Galate 2:20; Hebreërs 1:1–3, 5, 8; 4:14 en 5:8.

By die Sinoptici verwys hy onder andere na Matteus 5:17; 16:16, 17; Markus 8:38.

Hy fundeer die godheid van Jesus ook in Jesus se selfbewussyn. Jesus was daarvan bewus dat Hy die Messias en die Seun van God is (onder andere Matteus 11: 27; 22:41–46). Ook die feit dat Jesus die eerste persoon van die Triniteit as "my Vader" aanspreek, is vir L Berkhof aanduiding van die Seunskap en gevolglike godheid van Jesus (onder andere Matteus 7:21, 10:32, 33).

Op grond van Skrifgegewens (wat hy as "Scripture proofs for the Deity of Christ" aandui),[67] aanvaar L Berkhof dat Jesus God is.

### 2.2 Die twee nature van Christus

Met bogenoemde beskrywing van die godheid van Jesus, is die goddelike natuur van Jesus ook aangedui.

Jesus is ook volledig mens. Hy het "vlees geword" en dit beteken dat Hy mens geword het (onder andere Johannes 1:14; Handelinge 2:22). "The Bible clearly indicates that Jesus possessed the essential elements of human nature, that is, a material body and a rational soul"[68] (Matt 26:26, 28,38). Hy was onderworpe aan gewone menslike ontwikkeling van kind na volwassene en aan die behoeftes en lyding van die mensheid (onder andere Lukas 2:40, 52; Hebreërs 2:10, 18). Hy het ook normale menslike ervarings beleef (onder andere Matteus 4:2; 8:24). Jesus het 'n sondelose menslike natuur

gehad. Dit beteken dat Hy dit vermy het om sonde te doen (*potuit non peccare*) en dat dit vir Hom ook onmoontlik was om te sondig (*non potuit peccare*) (onder andere Lukas 1:35; II Korintiërs 5:21).

Vir L Berkhof vloei die noodsaaklikheid van Jesus se twee nature voort uit die wesenlike van die versoeningsleer. Omdat dit die mens is wat gesondig het, moet 'n mens die straf op die sonde dra. Om hierdie rede het Jesus Christus mens geword. Hy het tot in die dieptes van die menslike verval ingedaal om die mens te red. Hy moes ook 'n sondelose mens wees, want een sondaar kan nie vir 'n ander sondaar versoening by God verkry nie.

Die Middellaar moes ook God wees om volmaakte gehoorsaamheid aan God te volbring, om die toorn van God verlossend te dra en só ander mense van die vloek van die wet te verlos en om sy voltooide verlossingswerk aan ander mense te skenk.

### 2 3 Twee nature, maar één persoon

Die twee nature van die één persoon, Jesus Christus is deur die Konsilie van Chalcedon (451 nC) beskrywe as onvermeng, onveranderbaar, ondeelbaar, onskeibaar.

In hierdie verband definieer L Berkhof die begrippe "natuur" en "persoon" soos volg:[69]

*Natuur:* "The term 'nature' denotes the sum-total of all the essential qualities of a thing, that which makes it what it is".

*Persoon:* "The term 'person' denotes a complete substance endowed with reason, and consequently, a responsible subject of its own actions. A person is a nature with something added, namely independent subsistence 'individuality'."

In die Middellaar was daar net die één persoon, naamlik die onveranderlike *Logos*. Die menslike natuur van Christus het nie 'n tweede persoon bevat nie. Die *Logos* het nie 'n menslike persoon aangeneem nie, maar wel die menslike natuur.

L Berkhof formuleer dit baie raak met die volgende twee sinne: "The human nature has its personal existence in the person of the Logos. It is in-personal rather impersonal".[70]

Die slotsom is dat die een goddelike Persoon wat 'n goddelike natuur van ewigheid het, 'n menslike natuur aangeneem het en nou beide nature gelyktydig (onvermeng, onskeibaar, ondeelbaar, onveranderbaar) besit (Rom 1:3, 4; Gal 4:4, 5; Fil 2:6–11).

## 3 KRITIESE VERGELYKING

H Ott aanvaar dat Jesus as "God" en "Here" aangespreek is en vul die rede daarvoor en die betekenis daarvan aan deur middel van sy

eie skema wat uitgaan van die formule "Jesus, der Sprecher der Sprache Gottes". Dat Jesus God genoem word, dui op sy gelyktydigheid met alle mense terwyl Hy 'n aanspraak op hulle lewens maak. Die woord "Here" dui op sy gelyktydigheid met alle mense terwyl die mens aan Hom verantwoording moet doen.

Dit is 'n bruikbare skema vir die funksionele uitleg van die begrippe "God" en "Here". Wat ontbreek, is die ontologiese inhoud, van albei begrippe en die beklemtoning dat Jesus God en Here is omdat Hy Homself in die Skrif só aan ons geopenbaar het.

Hierteenoor slaag L Berkhof daarin om die Godheid en Heerskap van Jesus Christus Skriftuurlik vas te stel en op die ontologiese inhoud van die begrippe te wys. Die funksionele betekenis van beide begrippe het hy later onder sy bespreking van die *Manus Triplex* ter sprake gebring.

Met betrekking tot die leer oor die twee nature van Christus, gaan H Ott se beswaar teen die gebruik van die filosofiese begrip "natuur" nie op nie. Sy afwysing van die filosofiese term geskied nie op teologiese gronde nie, maar wel op filosofiese gronde. Hy verwys hier na Martin Heidegger: "Die Natur ist also ein Allgemeines. Dies macht uns darum Schwierigkeiten, weil der Mensch in seiner 'Jemeinigkeit' nicht als 'Fall' einer allgemeinen Gattung gedacht werden kann."[71)]

Die eie onherhaalbare aard van elke mens word egter deur die begrip "persoon" uitgedruk en die algemene kenmerkende eienskappe waaraan 'n wese moet voldoen om "mens" genoem te word, word deur die begrip "natuur" verwoord. Die korrekte gebruik is deur L Berkhof soos in paragraaf b (iii) hierbo, duidelik aangedui.

H Ott se "persoonsterminologie' kan eerder as 'n verdere uitleg van die betekenis van die twee nature van Christus dien, as 'n vervanging van die begrip "twee nature". Indien hierdie geringe wysiging aangebring word, loop hierdie uitleg van H Ott parallel met dié van L Berkhof.

H Ott gee nie 'n bespreking van die eenheid van die persoon van Jesus Christus nie. L Berkhof doen dit wel en slaag daarin om Jesus Christus as één persoon met twee nature duidelik in die lig van die Skrif te beskrywe.

# Hoofstuk 7

## Die pre-eksistensie en verhoging van Jesus Christus

### 1 H OTT

H Ott stel dat die Godheid van Jesus nie in die Nuwe Testament uiteengesit is nie, maar dat dit net in die een sin van Tomas "My Here en my God" (Joh 20:28) deurklink. Hierteenoor word die pre-eksistensie van Christus en sy verhoging vollediger in die Skrif bespreek. Die bespreking van die pre-eksistensie van Christus het vir H Ott 'n teologies-spekulatiewe karakter terwyl die verhoging van die altyd teenwoordige Christus, ná die opstanding op die kultus, gebed en lewenswandel van die Christelike gemeente betrek word.

Die pre-eksistensie en verhoging is nou verbind (Fil 2:5-11). Albei begrippe dui daarop dat die werklikheid van Jesus Christus verder uitkring as die aardse lewe van die historiese Jesus van Nasaret.

Beide begrippe het met die volgende vrae te doen:[72)]

### 1 1

Het Jesus Christus voor die skepping van die wêreld al bestaan?

### 1 2

Watter rol het hierdie universele Christus by die skepping gespeel?

### 1 3

Wat is die betekenis van die verhoging van Jesus Christus vir die kerk?

Die antwoorde op hierdie drie vrae word ontwikkel vanuit die stelling dat die Bybelse getuienis nie net 'n Woord vir die mens in Bybelse tye te spreke gehad het nie, maar dat hierdie Bybelse getuienis 'n Woord bevat wat op elke mens van elke tyd gerig is. Hierdie stelling is van die inhoud van die Bybel afgelei en dit beteken dat die universele inhoud van die Skrif as Woord van God geïnterpreteer moet word. Hierby verbind H Ott sy formule "Jesus der Sprecher der Sprache Gottes in der Geschichte".[73)] Jesus is die spreker van hierdie ewige, universele Woord van God. In hierdie sin word 'n mens daartoe gedwing om van Jesus se pre-eksistensie en van sy universele teenwoordigheid vir die mensheid en vir die wêreld te praat.

Die reële teenwoordigheid van Christus ("Realpräsenz") kan nie in terme van die belydenis "sit aan die regterhand van God, die almagtige Vader" voorgestel word as 'n tweede goddellike wese wat die Vader met die wêreldregering help nie. Dit is 'n mitologiese voorstelling ("Göttergeschichten").[74] "Die universale Gegenwart Jesu Christi kann vielmehr nur bedeuten dass Gott selbst, der immer Gegenwärtige, in seinem immerwährenden Begegnen von Anbeginn der Welt kein anderer ist und nicht anders begegnet als so, wie er sich in diesem Sprecher in Der Geschichte ausgesprochen hat".[75] God se bestaan en ontmoetings met die mens het dus altyd 'n Christologiese karakter.

Hiermee het H Ott die pre-eksistensie van Christus en sy betrokkenheid by die skepping aanvaar. Die betrokkenheid van die pre-eksistente Christus by die skepping is egter nie nader omskrywe as dat Hy ook dáár die spreker van God se Woord is nie.

Die verhoging van Christus en sy gevolglike reële, universele teenwoordigheid hou vir H Ott méér in as net Woord en aanspraak op die mens. "Sie bedeutet zugleich auch 'Macht', 'Regiment'." [76] Dit beteken vir H Ott dat Christus die mens nie slegs in die Christusboodskap ontmoet nie. Hy ontmoet die mens ook buite die verkondiging om op 'n heimlike, verborge wyse wat tot die anonieme geloof lei.

## 2 L BERKHOF

L Berkhof gee nie aan die pre-eksistensie van Christus afsonderlik aandag nie. By die behandeling van die twee nature van Christus (vergelyk Hoofstuk 6 van hierdie studiestuk) het die pre-eksistensie van Christus reeds egter gefunksioneer.

Die verhoging van Christus behels vir L Berkhof die opstanding, die hemelvaart, plaasneming aan die regterhand van die Vader en die weerkoms van Jesus Christus.[77]

Oor die opstanding is reeds in Hoofstuk 5 van hierdie studiestuk gehandel en daarom sal hier net aandag aan die hemelvaart, plaasneming aan die regterhand van die Vader en die weerkoms van Jesus Christus gegee word.

### 2 1 Die hemelvaart van Jesus

Die Skrif getuig van die hemelvaart van Jesus in byvoorbeeld Lukas 24:50–53; Handelinge 1:6–11; Efesiërs 1:20.

Die hemelvaart kan gedefinieer word as die sigbare oorplasing van die Middellaar na sy mensheid vanaf die aarde na die hemel. Dit is 'n lokale oorplasing wat vir L Berkhof beteken dat die hemel, soos die aarde, ruimtelik te verstaan is. Die hemelvaart impliseer verder

dat die menslike natuur nou 'n tweede vervolmaking ondergaan om by die hemelse toestande in te pas.

Die dogmatiese betekenis van die hemelvaart is drieledig. In die eerste plek dui dit daarop dat Jesus se kruisdood 'n offerande aan God is wat nou by die hemelvaart van God in die binneste heiligdom aangebied word. Ten tweede is die hemelvaart van Christus eksemplaries van die hemelvaart van gelowige mense. Ten derde is die hemelvaart instrumenteel vir die voorbereiding van 'n hemelse plek vir hulle wat in Christus is.

## 2 2 Plaasneming aan die regterhand van God die Vader

Die Skriftuurlike getuienis oor die plaasneming aan die regterhand van God die Vader word verkry in die antwoord van Jesus aan die hoëpriester (Matt 26:64) en in die preke van Petrus (Hand 2:33–36; 5:31). L Berkhof beskou die datief *tei dexiai* wat in hierdie tekste voorkom as aanduiding van lokaliteit.

Die betekenis van die hemelse plaasneming van Christus is geleë in sy deelname aan eer en heerlikheid. Hy regeer oor die kerk en heelal en dit sluit beheer oor die engele, natuur en vyandelike magte in. Met betrekking tot die engele maak hy 'n interessante opmerking: "the angels are His messengers, always ready to convey His blessings to the saints, and to guard them against surrounding dangers."[78)]

Naas hierdie werk as koning, werk Jesus ook as hoëpriester deur vir die mens voor God in te tree en sy verlossingswerk deur regverdiging en heiliging effektief te maak. As profeet word die verkondiging deur die werk van die Heilige Gees voortgesit.

## 2 3 Die weerkoms van Jesus

Die hoogtepunt van Jesus se verhoging word bereik by sy terugkeer as regter.

Daar is drie begrippe wat die weerkoms beskrywe, naamlik *parousia* wat "teenwoordig" en "'n koms wat teenwoordigheid voorafgaan" beteken; *apokalupsie* wat die weerkoms as 'n openbaring van Jesus Christus beskrywe; en *epiphaneia* wat die glorieryke verskyning van Jesus beskrywe.

Sy weerkoms is nie identies met die koms van die Heilige Gees óf die verskyning van die kerk nie. Hy sal sigbaar kom (Hand 1:11). Die doel van sy weerkoms is om as regter die wêreld te oordeel en die verlossingswerk te voltooi. Die goddeloses sal ewig gestraf word en Jesus se eiendom sal volmaakte geluk in sy koninkryk belewe. Laasgenoemde sal die voltooiing van die oorwinning van Jesus Christus wees.

## 3 KRITIESE VERGELYKING

H Ott se behandeling van die pre-eksistensie en verhoging van Christus, gee op 'n nuwe en interessante wyse 'n interpretasie van die twee begrippe. 'n Saak wat hier verdienstelik is, is dat die ewige bestaan van God en sy voortdurende ontmoetings met mense vir H Ott altyd 'n Christologiese karakter het. Selfs by die "anonieme" geloof, wat reeds in Hoofstuk 1 van hierdie studiestuk as spekulasie afgewys is, speel Christus vir hom die sentrale rol.

L Berkhof laat die Bybelse gegewens hier spreek en behandel die onderwerpe van hemelvaart en weerkoms wat by H Ott ontbreek. Tog is daar uitsprake wat onaanvaarbaar is. Daar kan nie sonder verdere oorwegings aanvaar word dat hemelvaart die beweging van een ruimte (aarde) na 'n ander ruimte (hemel) is nie, en ook nie dat die plaasneming van Christus by die Vader ruimtelik te verstaan is nie. Die standpunt kan gestel word dat ruimte en tyd net deel van die geskape werklikheid is. Die "wêreld" van God is nie presies gedefinieer nie en die Bybelse beskrywings daarvan maak noodwendig van bekende wêreldse kategorieë gebruik. Wanneer die "wêreld" van God ter sprake gebring word, is dit altyd gepas om die beperktheid van menslike spreekwyse oor God in ag te neem.

Dat Jesus se liggaam by die hemelvaart, naas die verheerliking by die opstanding, 'n tweede vervolmaking ondergaan, steun nie op Skrifgetuienis nie. Blykens *1 Korintiërs 15* is die opstandingsliggaam reeds die verheerlikte liggaam wat in die wêreld van God sal woon.

Nog 'n bedenklike stelling wat L Berkhof maak, is dat die engele in die na-Nuwe Testamentiese tyd boodskappers van Christus en beskermers van gelowiges is. Die korrekte beeld is dat Christus deur bemiddeling van die Heilige Gees en met gebruikmaking van die kerk, die Christusboodskap verkondig. Jesus Christus self, wat by sy verhoging universele koning is, beskerm die lewe van mense sonder bemiddeling van engele.

Samevattend word gestel dat H Ott hom beperk tot 'n nuwe interpretasie van die Bybelse waarhede dat Jesus Christus pre-eksistent is en ná sy kruisiging verhoog is tot universele regeerder. L Berkhof wil die Bybelse getuienisse in hierdie verband direk laat spreek, maar verval hier ongelukkig in 'n biblisistiese Skrifuitleg wat 'n deel van sy weergawe onbetroubaar maak

# Hoofstuk 8

## Die drie ampte van Jesus Christus

### 1 H OTT

H Ott beskryf die leer oor die *Munus Triplex* as 'n onderwerp van Calvyn wat op biblisistiese gronde gefundeer is. Na aanleiding van die titel "Christus" wat "gesalfde" beteken, word Jesus se verlossingswerk (of te wel ampswerk) met die begrippe "profeet", "priester" en "koning" beskrywe omdat profete, priesters en konings in die Ou Testamentiese era gesalf was. Om hierdie rede, en omdat die praktyk van salwing vandag onbekend is, hersien H Ott die inhoud van hierdie model. Dié model is net bruikbaar sover as wat dit aan die betekenis van Christus vir die eksistensie van die mens diensbaar is.

Die drie ampte word nou soos volg geherinterpreteer:[79]

### 1 1

Die *profesie* van Christus lê die beslissende en fundamentele waarheid wat op die menslike eksistensie gerig is, bloot.

### 1 2

Die *priesterskap* van Christus beteken dat die mens in sy verlore toestand nie alleen is nie, maar dat daar 'n persoon is wat met die mens solidêr geword het en wat die kommunikasie tussen vervalle mens en God laat deurgaan.

### 1 3

Die *koningskap* van Christus beteken dat die mens nie net met 'n verlange na 'n ewige bestemming gelaat is nie, maar dat daar 'n geopende weg daarheen geskep is.

Christus as profeet word deur H Ott dus veral op die historiese, verkondigende Christus betrek, die priesterskap op die lyding van Jesus en die koningskap op die opgestane Christus

Die drie ampte is op mekaar betrek. Die bekendmaking van die beslissende waarheid (profetiese amp) hou verband met die skep van die nuwe toekoms (koningskap). Die verkondiging (profetiese amp) is juis ook aankondiging van die solidariteit van God met die mens (priesterskap). Die solidariteitsgebeure (priesterskap) en die

opstanding (koningskap) is albei dus die inhoud van die verkondiging (profetiese amp). Laastens is die koningskap en priesterskap ook op mekaar betrek want vir die verlore mens met toekomsloosheid en eensaamheid word die nuwe toekoms geopen.

## 2 L BERKHOF

Die *Munus Triplex* word uitgebreid deur L Berkhof in agt hoofstukke en vyf en twintig paragrawe behandel.[80] Die versoeningsleer wat as deel van die priesteramp behandel word, kry die meeste aandag. Die essensiële van hierdie gedetailleerde uiteensetting is die volgende:

### 2 1 Die Profetiese Amp

L Berkhof beskryf Christus se profetiese amp teen die agtergrond van die profetisme van die Ou Testament. Die funksie van die profeet van die Ou Testament was om die wil van God te openbaar. Christus was met hierdie profetiese werk vóór die inkarnasie besig deur middel van besondere openbarings (as die "Engel van die Here"), in die uitsprake van die profete in wie Hy werksaam was en in die geestelike verligting van gelowiges. Ná die inkarnasie het Hy sy profetiese amp vervul deur te preek en wonders te doen, asook deur die prediking van apostels en predikante. Sy profetiese amp word vanuit die hemel voortgesit deur die werk van die Heilige Gees.[81]

Die Skrif dui Jesus as Profeet aan in onder andere *Lukas 13:33*. In *Johannes 8:26–28* dui Hy aan dat Hy met 'n boodskap van die Vader kom.

### 2 2 Die Priesterlike Amp

Christus se priesterlike amp word teen die agtergrond van die Ou Testamentiese priesterskap beskrywe. Die Ou Testamentiese priester se taak was om veral te offer vir die sondes van die volk, om vir die volk (of individu) by God in te tree en om mense namens God te seën.

In *Hebreërs 3:1; 4:14; 5:5* en ander plekke word Christus as priester beskryf. Hy is tegelyk priester en offerande.[82] In die Ou Testament bestaan daar 'n skeiding tussen priester en offerande. Christus se offer het ten doel om versoening tussen God en mens te bewerkstellig. In hierdie verband word *katalage* (versoening) gebruik terwyl die woord *lutron* (losprys) ook benut word om die kruisdood as 'n prys wat aan God betaal word, te beskrywe.[83] Die versoening het ook

plaasvervangende karakter. Christus sterf in die plek van die sondaar.[84]

Die versoening is deur die kruisdood van Jesus net vir die uitverkorenes bewerkstellig.[85] L Berkhof stel dit baie duidelik dat dit nie Christus se oogmerk was om alle mense te red nie. "If it has been His intention to save all men, this purpose could not have been frustrated by the unbelief of man. It is admitted on all hands that only a limited number is saved. Consequently they are the only ones whom God has determined to save."[86] In hierdie verband verwys L Berkhof onder andere na Johannes 10:11, 15 ("sy skape"), Handelinge 20:28 ("sy kerk"), Matteus 1:21 ("sy volk"). Hy maak ook die stelling dat as Christus vir alle mense gesterf het, die Skrif dan 'n *apokatastasis* sou geleer het.

Die priesterskap van Jesus hou ook in dat Hy as voorspraak by die Vader intree vir die gelowiges. In Johannes 14:16 word Hy die *parakletos* genoem.[87] Sy werk as voorspraak het 'n juridiese funksie wat geleë is in sy antwoord op die klagtes wat Satan teen die mens inbring. Hy tree ook vir ons gebede by die Vader in en sorg dat die heiligmaking by die uitverkore mens plaasvind.

### 2 3 Die Koninklike Amp

Die koningskap van Christus is geestelik van aard (Joh 18:36) want dit word nie deur mag of uiterlike middele nie, maar deur Woord en Gees tot stand gebring.[88] Hierdie koningskap van Christus (die *Regnum gratiae*) kom tot openbaring in die versameling, regering, beskerming en vervolmaking van die kerk.

L Berkhof stel ook dat Christus sy amp as Koning oor die geestelike koninkryk "in the depths of eternity"[89] ontvang het en het dit net ná die sondeval begin beoefen (Ps 2:6). Tydens die era van die Ou Testament het Hy deur die rigters en koninge geregeer, maar Hy het eers na die hemelvaart formeel die koningskap aanvaar (Hand 2:29–36 en Fil 2:5–11). Die koningskap sal ewig duur, maar ná die voleinding van die wêreld, sal dit aan veranderinge onderhewig wees (Ps 45:6; Luk 1:33). Jesus Christus heers ook oor die heelal (*Regnum potentiae*).[90] Dit behels sy voorsienige en regterlike bestuur van alle sake ter wille van die kerk. die *Regnum potentiae* is ten dienste van die *Regnum gratiae*, want dit is Christus se plig om sy kerk teen alle onheile te beskerm.

Christus het sy heerskap oor die heelal by sy verhoging aan die regterhand van God die Vader ontvang. Hierdie koningskap (*Regnum potentiae*) sal tot by die voltooiing van die verlossingswerk bestaan, wanneer Christus hierdie outoriteit aan God die Vader sal oorhandig omdat Hy dit nie meer nodig sal hê nie.[91]

## 3 KRITIESE VERGELYKING

Wanneer H Ott die *Munus Triplex* se ontwerp op grond van die projeksies vanuit die titel "Christus" (gesalfde) as onhoudbare biblisisme afmaak, hou hy nie daarmee rekening dat die Skrif self na Jesus as profeet, priester en koning verwys nie. Die *Munus Triplex* kan dus as 'n Bybels-gefundeerde model bly staan om Jesus se werk mee te beskrywe.

Die nuwe omskrywings van die drie ampte deur H Ott kan egter as geslaagd bestempel word. Hy vertaal die betekenis van die drie ampte op 'n moderne wyse wat Skrifgebonde bly.

L Berkhof gee 'n baie volledige uiteensetting van die tradisionele *Munus Triplex* en toon genoegsaam aan dat hierdie model in die Skrif gegrond is. Al sy Skrifverwysings is egter nie korrek nie en dit is duidelik dat hy hom in bepaalde gevalle aan biblisisme skuldig maak. Dit is byvoorbeeld eksegeties onhoudbaar om *Psalm 2* sonder meer reglynig as "bewys" vir die koningskap van Christus aan te voer.

Dit is egter 'n teleurstelling dat hy uit sy pad gaan om aan die dubbele predestinasieleer vas te hou en om dit ook in sy versoeningsleer (priesterskap van Christus) konsekwent deur te voer. Dat Christus net vir 'n vasgestelde, vooraf-uitverkore groep mense gely, gesterf en opgestaan het, is 'n gedwonge verwringing van die evangelie van Jesus Christus en is as sodanig inderdaad 'n *decretum horibile.*

# Gevolgtrekkings

1 Die inhoudelike verskille tussen die Christologiese modelle van H Ott en L Berkhof was deurgaans bepaal deur die formele verskille wat in Afdeling A van hierdie studiestuk blootgelê is.

2 H Ott slaag daarin om met sy kennis van die tradisionele reformatoriese teologie én met sy kennis van die nuwe vrae wat die hedendaagse mens vra, die vraende mens wat in 'n onheilsituasie verkeer, deur middel van sy Christologiese model in ontmoeting met Christus te bring. Die enkele uitsonderings is waar hy los van die Skrif in spekulasie verval en waar die invloed van die eksistensiefilosofie in sy teologie deurslaan. Die *Deus Absconditus* daal in sy Christologie tot in die donkerste uithoeke van die mens se bestaan en tot in die koudste eensaamheid van die mens in.

3 L Berkhof slaag daarin om 'n baie volledige weergawe van die reformatoriese Christologie te gee. Sy model oorbrug die kloof tussen God en mens deur van God af na die mens te beweeg. Hy verkondig deur middel van sy Christologiese model Jesus Christus volgens die Skrifte. In bykans elke paragraaf is dit die Skrif wat met finale gesag spreek. Hy ken die teologiese strominge van sy tyd (ongeveer 1939–1957) en beantwoord hulle vrae en aanslae vanuit die Skrif. Sy tekortkoming is egter dat sy eksegese nie altyd met die konteks rekening hou nie en dit lei onder andere tot 'n ongelukkige verwringing van sy predestinasie- en versoeningsleer.

4 'n Sintese van die twee behandelde Christologiese modelle, naamlik grondige kennis van die reformatoriese teologie (L Berkhof) en 'n bruikbare metode om Skrifgetrou die inhoud daarvan met in agneming van moderne vrae te vertaal (H Ott), sal vir die teologiese denke én pastoraat van groot waarde wees.

Voetnotas

1 Ott, H: *Die Antwort des Glaubens*, Kreuz Verslag, Stuttgart, p 25
2 Ott, H: *op cit*, p 15
3 Ott, H: *op cit*, p 16
4 Berkhof, L: *Systematic Theology*, The Banner of Truth Trust, Edinburgh, p 157. Hier word byvoorbeeld die feit verwerp dat Genesis 1 en 2 twee verskillende skeppingsverhale is wat inherente verskille openbaar.
5 Ott, H: *op cit*, p 197
6 Ott, H: *op cit*, p 198
7 Ott, H: *op cit*, p 198
8 Berkhof, L: *op cit*, p 305
9 Ott, H: *op cit*, p 198
10 Ott, H: *op cit*, p 198
11 Ott, H: *op cit*, p 199
12 Ott, H: *op cit*, p 199

13 Ott, H: *op cit*, p 200
14 Ott, H: *op cit*, p 203
15 Ott, H: *op cit*, p 204
16 Ott, H: *op cit*, p 296–308
17 Ott, H: *op cit*, p 205
18 Berkhof, L: *op cit*, p 109
19 Berkhof, L: *op cit*, p 112, 113
20 Berkhof, L: *op cit*, p 114
21 Berkhof, L: *op cit*, p 114
22 Berkhof, L: *op cit*, p 116
23 Ott, H: *op cit*, p 206
24 Ott, H: *op cit*, p 207
25 Ott, H: *op cit*, p 213
26 Ott, H: *op cit*, p 213
27 Ott, H: *op cit*, p 213
28 Ott, H: *op cit*, p 213
29 Ott, H: *op cit*, p 213
30 Berkhof, L: *op cit*, p 29–40
31 Berkhof, L: *op cit*, p 35
32 Ott, H: *op cit*, p 214
33 Ott, H: *op cit*, p 221
34 Ott, H: *op cit*, p 222
35 Ott, H: *op cit*, p 223
36 Ott, H: *op cit*, p 225
37 Berkhof, L: *op cit*, p 308, 309
38 Berkhof, L: *op cit*, p 309
39 Berkhof, L: *op cit*, p 309
40 Ott, H: *op cit*, p 226
41 Ott, H: *op cit*, p 225
42 Ott, H: *op cit*, p 232
43 Ott, H: *op cit*, p 232, 233
44 Ott, H: *op cit*, p 233
45 Ott, H: *op cit*, p 235
46 Berkhof, L: *op cit*, p 339
47 Berkhof, L: *op cit*, p 340
48 Berkhof, L: *op cit*, p 340
49 Berkhof, L: *op cit*, p 341
50 Ott, H: *op cit*, p 245
51 Ott, H: *op cit*, p 246
52 Ott, H: *op cit*, p 246
53 Ott, H: *op cit*, p 247. Die "existentiale plus" dui op gebeure wat besondere betekenis vir die eksistensie van die mens het. Vergelyk p 182 in hierdie verband.
54 Ott, H: *op cit*, p 236, 248
55 Berkhof, L: *op cit*, p 344
56 Berkhof, L: *op cit*, p 345
57 Berkhof, L: *op cit*, p 346
58 Berkhof, L: *op cit*, p 347
59 Ott, H: *op cit*, p 232
60 Ott, H: *op cit*, p 236, 248
61 Ott, H: *op cit*, p 256
62 Ott, H: *op cit*, p 250
63 Ott, H: *op cit*, p 250
64 Ott, H: *op cit*, p 257
65 Ott, H: *op cit*, p 258
66 Berkhof, L: *op cit*, p 312, 315
67 Berkhof, L: *op cit*, p 316
68 Berkhof, L: *op cit*, p 318
69 Berkhof, L: *op cit*, p 321
70 Berkhof, L: *op cit*, p 322

71 Ott, H: *op cit*, p 250
72 Ott, H: *op cit*, p 259
73 Ott, H: *op cit*, p 264, 265
74 Ott, H: *op cit*, p 265
75 Ott, H: *op cit*, p 265
76 Ott, H: *op cit*, p 265
77 Berkhof, L: *op cit*, p 346–355
78 Berkhof, L: *op cit*, p 352
79 Ott, H: *op cit*, p 273, 274
80 Berkhof, L: *op cit*, p 356–412
81 Berkhof, L: *op cit*, p 359
82 Berkhof, L: *op cit*, p 365
83 Berkhof, L: *op cit*, p 375
84 Berkhof, L: *op cit*, p 375
85 Berkhof, L: *op cit*, p 394
86 Berkhof, L: *op cit*, p 394
87 Berkhof, L: *op cit*, p 401
88 Berkhof, L: *op cit*, p 406
89 Berkhof, L: *op cit*, p 409
90 Berkhof, L: *op cit*, p 410
91 Berkhof, L: *op cit*, p 411